

Hoe kan ons dit naby God waag?

Psalm 24: 3 vra: “Wie mag in die Here se heiligdom gaan staan? Wie mag dit naby God waag?”

Hierdie vraag kom by ons op wanneer ons hier lees dat dit slegs die priesters (Aäron en sy seuns) is wat die offers mag bring. Selfs die Leviete wat bevoorreg was om allerlei dienste by die tent van samekoms te lewer, is nie toegelaat om offerdiens te verrig nie. Waarom nie?

Die antwoord is dat ons Here ‘n heilige God en ‘n God van orde is. Nie enigeen kan sommer namens Hom optree nie. Korag wou as Leviet eiewillig priesterwerk doen en ons weet wat met hom en sy gesin gebeur het (Num 16). Die Here kies self sy dienaars en boodskappers wat Hy roep en stuur. Dit is vandag nog so as iemand in die besondere amp van leraar, ouderling en diaken wil dien. Ook moet die ampsdraers steeds noukeurig let op die voorskrifte en opdragte van die Here, sodat hulle ware instrumente van God kan wees.

As Nuwe-Testamentiese kerk is Jesus Christus ons Hoëpriester en kan ons vrymoedig in sy Naam tot ons Vader nader. So dien alle gelowiges in die algemene ampte van koning, profeet en priester. Wat ‘n wonderlike voorreg!

In die gedeelte lees ons ook hoe God in die stoflike behoeftes van sy dienaars voorsien. Dis vandag nog so, alhoewel God dit op ander wyses doen.

Sing: Psalm 24:2

Dr NP Heystek (Wapadrant)